SPORT

JUNIOR-TENNIS

By Laerskool Elarduspark poog ons om vir ons leerders alle moontlike geleenthede te bied sodat hulle tot hul volle potensiaal kan ontwikkel. Om hierdie rede het ons begin met die Junior Tennis Klub by die skool (Gr R - Gr 3). Die klub word bestuur en alle afrigting word waargeneem deur 'n buite-afrigter, Me Daleen Luüs. Daar is dan ook addisionele kostes aan hierdie aktiwiteit verbonde.

DOEL VAN JUNIOR TENNIS

Ons doel is om kinderontwikkeling deur middel van tennisvaardighede te bevorder.
Vaardighede wat deur hierdie program aangespreek word is:

- Statiese en dinamiese balans
- Beweeglikheid
- Gooi-en-vangvaardighede
- Hand-oog en voet-oog koördinasie (met of sonder 'n raket) bal manipulering
- Luistervaardighede
- Opdrag uitvoering
- Verbetering van konsentrasievermoë

HOEKOM AAN JUNIOR TENNIS DEELNEEM?

Met die junior tennis word daar gepoog om meer leerders bloot te stel aan die sport tennis omdat dit so 'n verrykende invloed het op alle vlakke van die kind se ontwikkeling.

SPORT

TENNIS

Die Gauteng-Noord ligas vind plaas in die eerste en derde kwartale van die jaar. Alle ligawedstryde vind op Maandaemiddae plaas en daar word deelgeneem in die ouderdomsgroepe 0/11 en oopspanne. In die eerste kwartaal neem die skool ook deel aan die BNP Paribas Rising Star Tennistoernooi. Vroeg in die derde kwartaal neem die Top10 seuns en dogters aan die Sun City Tennistoernooi deel wat dien as voorbereiding vir die Super 12 Tenniskompetisie. Die Super 12 Tenniskompetisie vind ook in die derde kwartaal plaas.

Aan die einde van die derde kwartaal word die Lardie Geslote Tenniskampioenskappe gehou. Hiervolgens word ons ranglys vir die volgende jaar saamgestel, en ontdek ons ook baie nuwe talent. In die tweede en vierde kwartaal kry die spelers geleentheid om daagwedstryde te speel om sodoende hulle plek op die ranglys te verbeter. Daar word geen interne afrigting by die skool gedoen nie. Alle afrigting is dus buite skoolverband (afrigter van u keuse) en sluit addisionele kostes in.

DOEL VAN TENNIS

Laerskool Elarduspark poog om soveel moontlik leerders die geleentheid te bied om tennis te speel. Daarom word die hoeveelheid spanne wat ingeskryf word vir die liga bepaal deur die aantal leerders wat wil speel.

HOEKOM AAN TENNIS DEELNEEM?

Tennis is een van die sportsoorte wat geheelontwikkeling vir die kind bied. Dit help met verskeie noodsaaklike vaardighede en ook selfdissipline wat nodig is op alle gebiede van skool en die algemene lewe.

TOOT TOOT!!